HEBRON CHRISTENSKOOL

"MEER AS OORWINNAARS"

Hebronstraat 3, Oakglen, Bellville, 7530; Tel (021) 919 6356;
E-Pos: admin@hebronchristenskool.co.za; Webtuiste: www.hebronchristenskool.co.za

ONDERNEMING DEUR OUERS

Aangesien Hebron Christenskool (HCS) 'n dissipelskapskool is met kinders van wedergebore ouers, is ons belangrikste taak om ons kinders 'n keuse vir die Here te laat maak. Ons wil hulle ook rig en leer om in 'n verhouding met Jesus te lewe. Daarom is dit vir ons baie belangrik om die kinders se gedrag te rig, en hulle karakter te ontwikkel. Ons wil dus nie net uiterlike gehoorsaamheid en samewerking hê net om straf te vermy nie. Ons wil 'n hartsverandering in ons kinders help teweegbring deur aan die Here en Sy Woord gehoorsaam te wees.

Om dit te kan doen wil ons as ouers ons kinders bystaan in ons voorbeeld en lewenswandel. Ons wil saam met die skool werk aan ons kind / ers se karakter en groei in die Here.

Daarom onderneem ek as ouer die volgende praktiese dinge wat hieruit voortvloei:

Ek het vertroue in Hebron Christenskool se gekwalifiseerde personeel om alle opvoedkundige en dissiplinêre aangeleenthede ten opsigte van my kind na goeddunke te hanteer.

Ek besef dat 'n kind soms sterk kan reageer wanneer hy / sy van 'n onderwyser verskil. In so 'n geval word stellings dikwels buite verband geruk en onderwysers gekritiseer. Ek onderneem om my kind reg te help, en nie die kritiek te ondersteun nie. Indien ek die saak verder wil bespreek, sal ek die regte kanale volg.

Ek besef dat die bou van 'n goeie verhouding met my kind se onderwysers bydra tot die opvoeding van my kind. Ek erken dat die bou van hierdie verhouding ook my verantwoordelikheid is, en nie net dié van die skool nie.

- Ek onderneem om vir die skool, sy onderwysers, sy kinders en sy programme te bid.
- Ek onderneem om my samewerking in sake soos dissipline te gee, en die oordeel van die personeel in sodanige sake te vertrou.
- Ek onderneem om tuiswerk en werkopdragte te kontroleer.
- Ek onderneem om strokies te onderteken en deeglik kennis van die memo te neem.
- Ek onderneem om my kind betyds by die skool te besorg.
- Ek onderneem om skriftelike verskoning vir afwesigheid of laatkom aan te bied.
- Ek onderneem om oueraangeleenthede by te woon, en skriftelik verskoning te maak as dit nie vir my moontlik is om daar te wees nie.
- Ek onderneem om 'n betrokke ouer te wees.
- Ek onderneem om saam te werk om respek vir skooleiendom te kweek, en die skool finansieel te vergoed vir die misbruik daarvan.
- Ek onderneem om 'n trotse en lojale ambassadeur van die skool te wees.

Naam van Vader / Voog	Naam van Moeder / Voog
Handtekening	Handtekening
Datum	Datum